Teks vooraf:

Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ’n God wees, en hulle sal vir My ’n volk wees. (Hebreërs 8:10 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 2:4 (p. 6)

4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
“Ek self (sê God) het U gegenereer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:11 (p. 161)

11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met ’n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 89:17 (p. 448).

Wet

Psalm 89:17 (p. 448)

17 Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur, / hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.
Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?
Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie.
Skenk ons u guns, o HEER, help ons in donker stonde / na u beloftenis, aan Dawids huis verbonde.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 116:1, 2, 3 (p. 569)

1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

2 Om my was bande en strikke van die dood; / en angste van die hel het my laat bewe;
ek was benoud, vol droefheid was my lewe; / maar ’k het die HEER gesmeek in al my nood:

3 "Ag, red my, HEER, na u beloftenis!" / Toe ’t God gehoor; Hy is my lofsang waardig;
Hy is die HEER wat goed is en regvaardig, / en vir sy volk groot van ontferming is.

Skriflesing: Johannes 3 en 1 Tessalonisense 2

Teks: Johannes 3:27 en 1 Tessalonisense 2:13

> **Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.** (Johannes 3:17 AFR1953)
>
> **Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo.** (1 Tessalonisense 2:13 AFR1953)

Dit gaan in al twee hierdie Bybelgedeeltes oor die woordjie *aanneem*.

- Ons moet die prediking van verlossing aanneem.
- Ons moet God aanneem.
- God gee en ons neem aan.

Dit raak die kern van ons verantwoordelikheid in die manier waarop ons ons geloof uitlewe.

Ons gaan in hierdie preek daaraan aandag gee dat daar baie duidelik ’n tweedeling sowel in dié saak as onder die mense is:

1. Die een kant is dat God gee
2. Die ander kant is dat ek ook ’n verantwoordelikheid het
3. Die agtergrond

1. Die een kant: God gee!

Johannes se woorde gaan baie diep:

> **Johannes antwoord en sê: ’n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie.** (Johannes 3:27 AFR1953)

Johannes se dissipels was baie verontwaardig dat die Here Jesus dan ook doop.

- Hulle het gedink dat dit ’n reg is wat uitsluitlik by Johannes tuishoort.
- Hulle was verontrus oor die resultaat van Jesus se prediking en sy dopery.
- Daarom gaan hulle reguit na Johannes toe en gaan kla – hulle het verwag dat Johannes die optrede van Jesus skerp sou afkeur.

Maar dan antwoord Johannes dat alle gawes van God af op die mense neerdaal. God gee vir die mense.

- Dit geld ook die posisie wat elke mens in God se raad inneem. So is Johannes geroep as wegbereider vir die Meester.
- Hy beklee sy plek ook net omdat dit hom van God af toekom. Daarom kan hy so helder antwoord:

  > **Julle is self my getuies dat ek gesê het: Ek is nie die Christus nie; maar dat ek voor Hom uitgestuur is.** (Johannes 3:28 AFR1953)

Die woorde maak ons nogal erg bekommerd. Waar staan ek in God se raad?

- Waarvoor het die Here my gestuur?
- Die saak raak elkeen van ons direk, want ons weet almal daar is mense wat nie glo nie en wat ook geen geloofsprestasies lewer nie!

- Dis nou nie net mense buite die kerk nie – dis ook waar van mense binne die kerk.
- Waarom glo hulle nie, en lewe hulle nie reg nie?

Johannes die Doper gee die antwoord: Hulle het nie die Here se evangelie aangeneem nie. Hulle kon nie, want die Here het dit nie aan hulle gegee om te kan glo nie.

Daar is dus duidelik twee groepe mense:
- Die een groep het dit ontvang om te kan glo en om dienooreenkomstig geloofsprestasies te kan lewer.
- Die ander groep het dit nie ontvang nie – daarom kan hulle ook nie presteer nie.

Kom ons bring hierdie saak dadelik na ons eie lyf toe: Waarom lyk my eie geloofsprestasies dan so swak? Tel ek nie onder dié wat nie ontvang het nie?
- Mens kan die saak nog baie moeiliker maak: As alles dan daarvan afhang of God vir my geloof gegee het of nie, dan is my saak mos heeltemal verlore. Waarom probeer ek dan nog!

2. Die ander kant: Ek het ook ’n verantwoordelikheid

Die waarheid is dat die saak twee kante het.
- Aan die een kant roep of gee God, maar aan die ander kant moet ek aanneem en luister!
- 1 Tessalonisense 2:12 stel die saak baie duidelik dat God roep.
    - Hy roep ons tot sy koninkryk en sy heerlikheid.
    - In die woorde van Johannes: Die Here gee dit aan ons om uitverkorenes te wees.

Die beskrywing is ook baie treffend:
- Die Here roep jou nie net een keer en daarmee is dit klaar nie.
- Die Here roep aanhoudend deur die werking van sy Gees en deur sy Woord.
- Hy roep deur die verkondiging van die evangelie van verlossing deur Jesus Christus die Here.

Die inhoud van hierdie evangelie kom baie kortliks neer op wat in Romeine 8:17 staan, naamlik dat ons deur Jesus Christus God se kinders is, en erfgename, sodat ons saam met die Here Jesus Christus verheerlik kan word.

> **. . . en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.** (Romeine 8:17 AFR1953)

Ons kan dit prakties so stel: Wanneer die Here ons roep, dan openbaar Hy aan ons iets van sy heerlikheid wat in die toekoms op ons wag.

Die Here leer ons om hoop te hê vir die toekoms.
- Hy leer ons om geloofsentoesiasme te hê – om ons uit te strek na die dag wanneer Hy sy roeping afrond met die wederkoms, en die koms van sy koninkryk.
- Maar dan kom daar ’n aanspraak op ons! Nou moet julle waardig lewe aan die Here wat julle roep, en wat dit aan julle gee om te kan glo.

Dis presies hier waar 1 Tessalonisense 2:13 inpas:

> **Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos**

dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo. (1 Tessalonisense 2:13 AFR1953)

God se gee en God se roeping oor ons hou sterk verband met mekaar.

- Dis waar dat God roep, maar dis ook net so waar dat die gelowige op God se roepstem moet antwoord.
- Daarom dank Paulus die Here dat hierdie gemeente op die prediking gereageer het deur die Here Jesus aan te neem.

Kyk na die kernwoord *ontvang*.

- *Julle het ontvang* – julle kan net ontvang as God gee!
- Die gemeente het nie maar net gesit en luister en dit was nou ’n menslike saak of hulle op die prediking gaan reageer of nie gaan reageer nie – hulle het dit ontvang.
- Johannes die Doper het gesê die Here het dit gegee.

  Johannes antwoord en sê: ’n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie. (Johannes 3:27 AFR1953)
- Dis dieselfde daad, maar van twee verskillende kante af gesien.

Wat gebeur met die mens wanneer God vir hom iets gee en hy dit ontvang?

- Die mens verander uit sy wese uit. Hy neem die evangelie aan.
- Prakties beteken dit dat hy iets moet prysgee om die nuwe ding in sy plek te kan aanneem.
- Hy doen dus afstand van die wêreld en van sonde – hy breek weg uit die heidendom – en hy neem die Here en al sy beloftes aan.

Hoe gebeur al hierdie dinge? Is dit omdat die mens die keuse moet maak? Die Bybel antwoord hier self op die vraag.

- Die mens maak geen keuse nie: God gee en die mens ontvang.
- God verander die mens heeltemal en die mens neem hierdie verandering met blydskap aan. Dit gaan oor die werking van ’n baie groot Mag wat vir die mens onsigbaar is. Die gelowige kan daarop reageer, en hy kan dit agterkom, maar die ongelowige weet van niks. Hy kan die verkondiging van die evangelie nie as God se Woord hoor en verstaan nie.

3. Agtergrond

U moet eers verstaan waarom Johannes se dissipels so ontsteld was.

- Die Jode het nie daaraan geglo om gedoop te word nie – dit was vir hulle ’n skande.
- Hulle het ook geglo dat die doop ’n teken is van die afwassing van sondes, maar hulle het geglo dat hulle as verbondsvolk nie sondes het nie.
- Daarom was dit vir hulle ’n vernedering om gedoop te word.

Hulle was dus in ’n diepe tweestryd.

- Hulle kon Johannes se doop nog aanvaar, want hulle het hom darem as profeet aanvaar.
- Maar toe die Here Jesus ook doop, wou hulle niks daarvan weet nie, want hulle het dit gesien as ’n verdere vernedering van die volk omdat Jesus nie eers deur almal as profeet erken was nie. Dis waarom hulle gaan kla het.

Dan kan Johannes daarop antwoord dat God Jesus juis as Meester gegee het en dat Hy net kan doop omdat dit Hom van God gegee is.

- Hy maak die mens juis waarlik van sondes vry.

- Sy doop is dus ’n voorspel van sy dood en versoening: Hy was ons skoon.

Dieselfde was ook waar van die gemeente van Tessalonika.

- Die Jode – die verbondsvolk – het daar moeilikheid veroorsaak.
- Hulle het die stadsowerheid teen Paulus en Silas aangehits sodat Paulus maar ’n paar weke in Tessalonika was voordat hy inderhaas moes weg.

Kyk in al twee die gevalle na wat werklik gebeur:

- God gee sy verbond aan die Jode – hulle is die uitverkore volk.
- Maar hulle neem die Verlosser nie aan nie.
- Daarom is daar verwarring onder die dissipels van Johannes en word die Christengemeente wat onder die heidene van Tessalonika ontstaan het ook deur die Jode bedreig.

Maar Jesus oorwin juis die duiwelse werking oor die ware gelowiges, want Johannes se dissipels verstaan wat Jesus besig is om te doen.

- Paulus kan in sy brief God dank dat die Tessalonisensers die evangelie aangeneem het.
- Hulle glo! Want hulle het die Here Jesus aangeneem.
- Jesus oorwin dus die duiwel en sy hele werking tot verlossing van die ware gelowiges.

Dit geld ons ook.

- Dit is natuurlik net uit genade dat ons in hierdie toestand is, want dit kom nie vanself, of van ons kant af, nie.
- God het sy Seun laat leef en laat ly om Hom te straf vir ons ongehoorsaamheid, maar ook sodat ons deur Hom versoening kon verkry.

Noudat ons met God versoen is, is die praktiese effek daarvan dat die Here ons roep, en dat die Heilige Gees gestuur word na diegene vir wie die Here Jesus gesterf het, sodat hulle tot bekering kom.

Toepassing

Dis maklik om te weet waar u staan in God se raad.

- U weet mos in u hart of u God die Here werklik ken en liefhet.
- Dis waar dat ons baie sondes doen, al het ons die Here lief.
- Maar dan is dit ook nog waar dat ons midde in die genade van God staan.

God gee dit aan ons om te glo, en Hy gee dit ook aan ons om teen die sonde te kan stry, en om al hoe langer al hoe beter te kan word.

- Hy bevestig dit ook met die versoeningsdood van die Here Jesus Christus.
- Die eis is net: Dan moet ons van ons kant af alles insit om die uitgestorte genade te benut en te ontwikkel in ons lewens – sodat daar van ons ook gesê kan word dat God gedank word omdat ons kon onderskei dat die evangelie nie mensewerk is nie maar God se Woord.

Broeders en susters, die kern van ons verantwoordelikheid kom dus uit in die manier waarop ons ons geloof uitlewe. Gaan leef en glo in die krag van die verlossing van die Here Jesus Christus.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 9:1, 10 (p. 36)

1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;

10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 3 Januarie 2010